Konfirmasie 2

Lestitel: Aardse burger - Hemelse burger

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les **“Aardse burger - Hemelse burger”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Aardse burger - Hemelse burger
Bybelwoord	Daniël 3: 1-18; Markus 12: 30-31; Handelinge 5: 29; Lukas 12: 32; 2 Timotheus 1: 7; Romeine 8:15
Lesdoelwit	As aardse burgers streef die konfirmante daarna om 'n lewe te lei wat God welgeval.

Lesopsomming:

• In Daniël 3: 1-18 lees ons van Sadrag, Mesag en Abednégo.
• Hulle was belangrike mans in Babilon.
• Hulle was wetsgehoorsame burgers van die land, maar het geweier om een wet te gehoorsaam; dat hulle voor die goue beeld van koning Nebukadnésar moes buig.
• As Godvresende manne wou hulle nie die gebooie van God verbreek nie.

• Alle lande het wette en dit help om orde in die lewens van die burgers te skep.
• As kinders van God gehoorsaam ons ook die land se wette.

• Ons is bewus daarvan dat daar ook die wette van God is.
• Dit sluit die Tien Gebooie en die wet van liefde in (Markus 12: 30-31).

• Die gebooie en die wet van liefde is nie daar om ons te beperk nie.
• Hulle doel is om ons te help om met mekaar saam te leef, om as seëninge vir ons te dien en om die ewige lewe moontlik te maak.

• Soos Sadrag, Mesag en Abednégo, moet ons die gebooie en wette van God belangriker ag as dié van die mens.
• Die apostels Petrus en Johannes het Jesus bely, al was hulle deur die leiers van die land Israel verbied om dit te doen. Hulle het die opdrag wat hulle van Jesus Christus ontvang het, belangriker geag as die bevele en wette van die leiers van die land.

• Ons hoef nie bang te wees wanneer ons God eerder as mense gehoorsaam nie.
• God is almagtig en Hy sal ons beskerm soos Hy Sadrag, Mesag en Abednégo teen die vuuroond beskerm het, nadat hulle geweier het om koning Nebukadnésar te gehoorsaam.

• Wette en belerings wat God nie behaag nie, moet ons nie verhinder om:
o die gebooie en wette van God te bewaar nie;
o in God en sy Seun, Jesus Christus, te glo nie;
o God en ons naaste lief te hê nie;
o tot God te bid; en,
o meer en meer soos ons Verlosser, Jesus Christus, te word nie.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

• Die les van vandag leer ons dat ons as kinders van God wetsgehoorsame burgers van die land moet wees.
• Ons moet egter die gebooie en wette van God belangriker as mensewette ag.
• Dit word beliggaam in die tiende Geloofsartikel: Ek glo dat ek verplig is om die aardse owerhede te gehoorsaam mits geen goddelike wette daardeur oortree word nie.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wie was Sadrag, Mesag en Abednégo?
***Antwoord**: Dit was belangrike mans in Babilon wat die wette van God belangriker geag het as die wette van koning Nebukadnésar.*

2. Moet ons as kinders van God die wette van die land nakom?
***Antwoord**: Ja. Dit is belangrik dat ons wetsgehoorsame burgers van die land is.*

3. Moet ons die gebooie van God op grond van die landswette verontagsaam?
***Antwoord**: Nee. Alhoewel ons wetsgehoorsame burgers moet wees, moet die gebooie van God vir ons belangriker wees*.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen